

VREES EN VRYSPRAAK

Terwyl julle besig was om die voorafgaande vraelys te bespreek, het jy waarskynlik meer van jou eie lewenstyl geleer. Jou lewenstyl het ook 'n ander verwickeling, dit gee ook 'n aanduiding van jou vertolking van vryspraak deur Jesus Christus. Ons sê dikwels dat ons vryspraak verstaan en daaruit lewe, maar wanneer ons so 'n vraelys moet invul, word dit duidelik dat dit nie werklik so is nie. Vrees en ang is in ons lewens is volgens die navorsing van Van Vuuren (1978) 'n aanduiding dat ons nie deur die vryheid wat die Gees van God ons gee, lewe nie. 'n Groot mate van ang en vrees is die bewys dat ons nie vryspraak regtig glo nie, en dat ons daarom nie uit die vryheid en vreesloosheid wat dit ons bied, kan leef nie. Ang en vrees in ons lewens is 'n aanduiding dat ons nie sekerheid oor ons geloof het nie. Ons het dus nie sekerheid dat, as ons vannag te sterwe sal kom, ons by God in die hemel sal wees nie.

In 'n uitgebreide stuk navorsingswerk het Van Vuuren (1978:2) bevind dat daar 'n negatiewe korrelasie tussen geloofsekerheid en ang is.



Die gevolge hiervan is, dat hoe meer geloofsekerheid 'n persoon het, hoe kleiner (minder) is die vrees wat daardie persoon in sy lewe ondervind. Die ang in mense se lewens is daar omdat hulle nie hulle geloof in hulle daaglikse lewens inskakel nie. Vir sulke mense is geloof bloot 'n een dimensionele saak, 'n kwessie van: "Ek weet dit met my verstand, maar dit verander nie my lewe nie." Na mate die kennis van verlossing blote feitekennis is sonder dat dit in sy lewe ingeskakel is en sy wese verander, in dieselfde mate word die ang al hoe groter (Van Vuuren 1978:123).

VERSKILLENDE GESINDHEDE TEENoor GOD SE BEVELE

Terwyl julle die voorafgaande vraelys en die vertolking daarvan bespreek het, het 'n aantal sake duidelik geword. Die mense wat dink dat hulle God dien, kan in drie groot kategorieë ingedeel word (Jonker 1967:90).

1. Diegene wat nie omgee hoe hulle lewe nie en wat die vryspraak gebruik as 'n dekmantel om sonde te doen (Calvyn 1960:121). Hulle is mos verlos redeneer hulle en doen nie moeite met heiligmaking nie.
2. Diegene wat wel omgee en eerlik God probeer dien met alles wat hulle het. Omdat hulle vryspraak nie verstaan nie, gaan hulle diens aan God egter gepaard met baie vrees en ang. Dit is die mense wat nog onder die wet leef (Calvyn 1960:167-169). Hulle verstaan vryspraak met die verstand maar nog nie met die hart nie.
3. Diegene wat werklik omgee en probeer om God te dien met alles wat hulle het. Hulle WEET nie net van die vryspraak nie, maar hulle LEWE IS DAARDEUR VERANDER. Hulle diens aan God is daarom sonder vrees en ang, maar met vreugde. Hulle is die mense wat leef deur die VRYHEID wat die GEES aan mense gee (Calvyn 1960:168, Jonker 1967:119).

Dit is nodig dat ons hierdie drie groepe van nader gaan bekijk.

1. VRYSPRAAK AS DEKMANTEL VIR SONDE

Die persone wat hieraan skuldig is, dink: "Ek is mos vrygespreek deur Jesus Christus, daarom sal ek my nie te veel oor sonde bekommer nie". Dit lei tot 'n losbandige

lewenstyl. Hoe meer hulle met hierdie teorie leef, hoe meer word hulle daardeur vasgevang, want hierdie lewenstyl het sy eie beloning. Dit lyk asof dit onmoontlik is om uit hierdie bose kringloop te ontsnap (Jonker 1967:96). Hoe meer sulke mense na die sin van die lewe in losbandigheid of in oppervlakkighede soek, hoe meer ontwyk die sin van die lewe hulle. In die begin lyk dit na groot pret en asof dit die moeite werd is. Geleidelik word dit duidelik dat dit nie die moeite werd is nie. Die sin wat hulle aanvanklik in hierdie losbandighede of oppervlakkighede gevind het, word leeg en die persone word ontnugter. Die vrede wat hulle gedink het hulle het, ontwyk hulle al hoe meer (Jonker 1967:184). Al oplossing is om harder te werk om nog meer geld te maak, of om nog wilder en meer waaghalsig te word in die gejaag na meer gewaagde losbandigheid, om sodoende weer die sin terug te kry. Sulke mense gee voor dat hulle geen vrees het nie, maar hulle het geen gemoedsrus en vrede nie. Dit is vir hulle baie moeilik om aan hulleself of aan ander mense te erken dat hulle nie vrede het en ook nie sin in die lewe het nie (Van Vuuren 1978:1-2). Sulke mense se lewens is geen getuie van God se genade nie en dit is dikwels 'n struikelblok vir ander gelowiges. As gevolg van 'n skewe begrip van vryspraak laat hulle toe dat die sonde nog oor hulle heers (Romeine 6:12).

Dikwels kry 'n mens hierdie gesindhede ook onder gelowiges. Uit die aard van die saak sal hulle lewe nie so 'n gejaag na leë plesier wees nie. Hulle is die mense wat hulle nie vreeslik kwel oor hulle lewe en hulle sonde voor die Here nie. Hulle doen nie graag selfondersoek na hierdie dinge nie omdat hulle meen dat dit dikwels 'n onnodige vermorsing van tyd is. Daar is soms by sulke lidmate 'n traak-my-nie-agtigheid te bespeur ten opsigte van verkeerde gesindhede in hulle lewens. Hulle verontagsaam eerder so 'n gesindheid as om ernstig daaraan te werk.

Romeine 6:1-14 beskryf hierdie verskillende soorte Christene (Calvyn 1960:121-132, Barrett 1962:119-130, Jonker 1967:90-97).

2. LEWE ONDER DIE WET - WETTISISME EN FORMALISME

Aan die ander uiterste is die mense wat onder die wet lewe. Hulle weet dat hulle verlos is en dat hulle 'n lewe tot eer van God moet lewe. Hulle het die voorneme en die toewyding om God met alles wat hulle het te dien. Hulle het egter ook 'n verdraaide siening van vryspraak. Hulle dink dat hulle eie lewens vir die vryspraak moet betaal. Hulle wil dit doen deur die hele wet in al sy vertolkings na te kom. Die resultaat hiervan is dat hulle daarvan bewus word dat dit onmoontlik is om die wet uit te leef. Die oplossing is om die wet en sy bepalings te verskraal (formalisme), in 'n poging om nie gedurig veroordeel en bang voor God te staan nie (Calvyn 1960:144-145).

Byvoorbeeld: So lank as ek nie my skoonma beledig nie, maak my gesindheid teenoor haar nie regtig saak nie.

So 'n persoon word maklik selftevrede. Hy dink dat hy die verskraalde uiterlike bepalings van die wet nagekom het. As gevolg van hierdie selftevredenheid beleef ander mense hom as geestelik hoogmoedig, dit hinder hulle en hulle hou nie van hom nie. Omdat hulle die wet verskraal, word so 'n persoon nie maklik van sonde oortuig nie. Hy is tevrede solank hy die uiterlike bepalings van die wet nakom. So 'n persoon se lewe het ook nie baie geloofwaardigheid of baie getuieniskrag nie, omdat dit 'n bloot uiterlike formalisme word en ander in sy lewe die weersprekende getuienis sien van 'n mens wat sê dat hy God dien, maar dit nie regtig doen nie. Sulke mense is soms baie puntenerig oor sekere sake (veral uiterlike dinge) maar hulle is skynbaar onbewus van ander dinge wat verkeerd is, soos negatiewe gesindhede. Dit lyk op die oog af of sulke mense vrede het, maar as hulle gedwing word om dieper te kyk, kom hulle agter dat hulle dit nie het nie (Calvyn 1960:140-142, Jonker 1967:104-106). Sulke gelowiges kan die beste beskryf word as formaliste, mense vir wie die UITERLIKE VORM die

deurslaggewende saak is.

Daar is ook 'n ander sy van hierdie soort mense met hulle verkeerde begrip van vryspraak. Dit is die mense wat onder 'n permanente vrees lewe dat hulle nie aan die eise van die wet kan voldoen nie (wettisisme), en dat daar vir hulle geen genade moontlik is nie. Hulle besef dat die wet nie net op die uiterlike dinge betrekking het nie, maar ook op die gesindheid van die hart. Hulle besef dat hulle nie aan die eise van die wet kan voldoen nie, en daarom is daar by hulle 'n geweldige klomp vrees. Hulle het 'n voortdurende vrees vir die hel en dit word die motivering om te probeer om anders te lewe.

Die vrees word by sulke mense soms so erg dat dit al hulle energie gebruik wat hulle nodig het om tot God se eer te werk (Calvyn 1960:298, 309, Jonker 1967:184, 190). Somtyds word die vrees so groot dat hulle sal ontken dat hulle sonde doen, of voorgee dat hulle dit oorwin het in 'n desperate poging om van die voortdurende vrees los te kom. Hierdie houding is 'n negatiewe faktor vir groei in heiligmaking. Solank as wat hulle sonde ontken, is dit onmoontlik om daaraan te werk of dit te oorwin. Sulke mense word somtyds blind vir hulle eie sonde. Dit word 'n tronksel wat hulle vashou en wat enige groei in heiligmaking onmoontlik maak. 'n Persoon met so 'n lewenstyl kan as wetties beskryf word.

Hierdie groep mense beleef 'n groot klomp vrees en hulle het geen ware vrede nie (Van Vuuren 1978:1-2). Op die oog af lyk hulle lewe asof alles in orde is, maar dit het geen oortuigingskrag in die lewe van ander mense nie. Mense probeer dikwels om mense soos hierdie te vermy omdat hulle lewens as oneg en ontstemmend ervaar word.

3. LEWE DEUR DIE VRYHEID VAN DIE GEES

Persone in hierdie kategorie verstaan die betekenis van die vryspraak deur Jesus Christus. Dit is vir hulle nie alleen iets waarvan hulle weet nie, maar iets wat hulle lewens verander het. Hulle begryp dat hierdie vryspraak nie iets is wat hulle verdien het nie, maar dat dit God se genade aan hulle is. Die sekere wete dat hy vrygespreek is, laat so 'n mens sonder vrees en sonder angs dat God hom gaan straf (Calvyn 1960:167, Jonker 1967:120-121). Hierdie wete stel hom in staat om die wet as meer as net 'n uiterlike stel lewensreëls te sien. Hy besef dat die wet ook met sy gesindhede te make het. Hy word daarom daarvan bewus dat hy nie alleen sondige dade het nie, maar ook sondige gesindhede. Omdat hy nie bang is vir straf nie, stel dit hom in staat om sy verkeerde gesindhede eerlik te erken. Die bewus wees en die erkenning stel hom die eerste keer instaat om te verander. Daar is niks meer wat hy moet wegsteek en wat hom dwing om 'n dubbele lewe te leef waarin hy moet voorgee dat hy iets anders is as wat hy werklik is nie (Jonker 1967:114).

Nou kan hy sy sonde wat in sy gesindheid geleë is ook beveg en oorwin. Hierdie eerlike kyk na sy gesindhede is alleen moontlik as die vryheid wat die Gees gee dit bewerk. Die vryheid wat die Gees gee, beteken dan die oortuiging wat die Gees in die hart werk dat hy werklik vrygespreek is. Die oortuiging wat beteken dat dit nie meer iets is wat hy net met sy verstand weet nie, maar ook iets wat hy so volkome glo, dat dit al die vrees wegneem.

Selfs al sou 'n persoon in hierdie situasie met sy lewe van heiligmaking faal, dan is daar geen vrees dat God hom sal straf nie. Hy besef dat sy vryspraak finaal en onveranderlik is deur Jesus Christus (Calvyn 1960:161-163).

'n Persoon in hierdie situasie ervaar ware vrede. Vir hom is die sin van die lewe daarin geleë dat hy God op hierdie vreeslose manier kan dien. Hy soek nie die sin vir die lewe in al die ander leë en tydelike of losbandige dinge waarin ander mense dit vind nie.

So 'n persoon se lewe het getuieniskrag in die wêreld. Sy lewe is ook tot eer van God. Sy lewe is 'n seën vir die mense rondom hom. So 'n lewe versterk ook die persoon se eie geloof.

Die verskillende kategorieë kan aan die hand van die volgende diagram verduidelik word.

DEKMANTEL A	WERK ONDER DIE WET Wettisme Formalisme B C	VRYHEID VAN DIE GEES D
<p>Gebruik vryspraak as dekmantel vir sonde</p> <p>Leef wet nie uit nie 'n Sondige lewe</p> <p>Geen ware vrede Geen vrees</p> <p>Geen sukses om tot eer van God te lewe</p>	<p>Verkeerde begrip van vryspraak,</p> <p>Probeer om reg te lewe Uiterlik besig om wet uit te leef</p> <p>Geen ware vrede Baie vrees</p> <p>Min sukses om tot eer van God te lewe</p>	<p>Korrekte begrip van vryspraak,</p> <p>Probeer om reg te lewe uiterlik en met gesindheid besig om wet uit te leef</p> <p>Ware vrede Geen vrees</p> <p>Het sukses om tot eer van God te lewe</p>

NOODSAAK OM VRYSPRAAK TE VERSTAAN

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat dit noodsaaklik is om vryspraak reg te verstaan en om dit voortdurend in gedagte te hou. As ons dit nie doen nie, word ons werk aan heiligmaking onmoontlik en met vrees belaai. In so 'n lewe word die krag van God nie sigbaar nie. So 'n soort lewe het ook nie getuieniskrag in ander mense se lewens nie. Om dit effens anders te stel; daar kan geen eksterne groei wees nie ('n lewe van heiligmaking) tensy daar nie eers interne groei plaasgevind het nie ('n korrekte begrip van vryspraak). Wanneer daar aan eksterne groei gewerk word sonder dat die interne eers plaasgevind het, het dit bitter min oortuigingskrag, dit is bloot 'n leë uiterlike formalisme of wettisme.

Hierdie interne groei (begrip van vryspraak) is geen formele kennis nie. Dit is 'n gesindheid van die hart wat tot stand kom as jy weet God het jou reeds in Jesus Christus vergewe.

Die komponente van hierdie interne groei is:

- * Die besef dat ek vrygespreek is;
- * Die gesindheid om jou sonde van naderby te bekyk.

Om dit te kan doen, is die volgende nodig:

- * Jy moet weet wat binne in jou aan die gang is, jou emosies, gevoelens en gesindhede.

Die vraag wat nou ontstaan, is watter metodes is daar om meer bewus te raak van jou innerlike en sy belewenisse.

Die sielkunde dui aan dat selfopenbaring en terugvoering die twee maniere is om van hierdie innerlike belewenisse bewus te word. Verder dui hulle aan dat die saamwerk in groepe met hierdie doel die doeltreffendste manier is om dit te bereik.

Die Bybel bevat ook verskeie aanduidings dat die saamwerk met ander gelowiges die

doeltreffendste manier is om hierdie terugvoering van hulle te kry. Die Bybel gebruik die woorde LEER en ONDERRIG (Kolossense 3:16) en om IN DIE WAARHEID TE ONDERRIG, DWALING TE BESTRY, VERKEERDHEDE REG TE STEL EN 'N REGTE LEWENSWYSE TE KWEEK (2 Timoteus 3:16). Die gemeenskap van die gelowiges lyk die beste plek om hierdie dinge te doen. Die besonderhede ten opsigte van selfopenbaring en terugvoering word in die volgende hoofstuk verstrekk.

Om vryspraak reg te verstaan, sal ons na die Bybel toe moet teruggaan. Voordat ons die Bybelstudie-sessie doen, eers net 'n paar opmerkings om te verduidelik wat die verband tussen die vraelys en die Bybelstudie-sessie is.

Die doel met die vorige vraelys is om te bepaal hoeveel angs daar in jou lewe is. Dit sal jou help om te bepaal in watter mate jy onder die wet leef en nie uit die vryheid van die Gees nie. Die rede hiervoor is dat ons dikwels aanneem dat ons uit die vryheid van die Gees lewe. Wanneer ons dus gedeeltes hieroor uit die Bybel lees, dan laat dit ons koud, want ons het mos nie 'n probleem hiermee nie en ek weet dit alreeds. Wanneer ons egter beseft in watter mate ons wel in 'n formalisme vasgevang is, dan kry die Bybelstudie hieroor nuwe waarde. Dit kan nou my hele lewe verander.

Dit is belangrik om die onderskeid te ken, want as ons aan heiligmaking gaan werk, het dit die vermoë om in 'n leë formalisme of 'n wettisisme te ontaard. Die gevolge kan oënskynlik na ware groei in heiligmaking lyk, maar dit het geen waarde en geen oortuigingskrag nie.

'n Lewe van formalisme en wettisisme is 'n groot gevaar in ons verhouding met die Here. Dit het geen oortuigingskrag teenoor ander nie, dit het ook geen krag om jou persoonlik van God se liefde en genade in jou lewe te oortuig nie, ook nie van 'n toename in heiligmaking nie.

Om die verskil tussen die opvattinge oor vryspraak te verstaan, is dit nodig om Bybelstudie te doen oor 'n paar gedeeltes in Romeine.